SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 17 APRIL 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

Terwyl daar aandag gegee word aan die probleme wat sommige lede ervaar met toegang tot die SARL-webbladsye, is 'n bykomende kanaal nou beskikbaar. Teken in by www.amateurradio.org.za om die weeklikse SARL News-oudio-opnames af te laai en om Amateur Radio Today te luister of af te laai.

In die nuus vandag:

DIE SARL AJV OP SATERDAG 23 APRIL

KOM OP DIE LUG VIR WÊRELD AMATEUR RADIO DAG

en

SATELLIETE NUUS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Die SARL Nuusspan wens ons luisteraars 'n Geseënde Paasfees en Pesach toe aan ons Joodse lede.

DIE SARL AJV OP SATERDAG 23 APRIL

Het jy al geregistreer vir die SARL AJV? Die 2022 SARL Algemene Jaar vergadering begin om 10:00 SAT op Saterdag 23 April 2022 op die Bluejeans-platform en jy kan dit vanuit jou huis bywoon. Jy moet registreer om 'n skakel te kry om by die AJV aan te sluit. Besoek die voorblad van die SARL-webwerf om te registreer. Laai ook die AJV-boekie af wat die program vir die dag bevat, insluitend die voorgestelde begroting en ledegeld vir 2022/2023, die twee mosies vir bespreking en 'n voorstel om die 2023 SARL Nasionale Konvensie aan te bied. Indien jy nie kan bywoon nie, voltooi asseblief 'n volmag vorm en dien dit in by die SARL Sekretaris. Die AJV-boekie en die volmag vorm kan op die voorblad van die web gevind word.

Tot op hede het die SARL Sekretaris 101 registrasies en 6 volmagte. Vir die AJV om gehou te word, word 165 registrasies en volmagte benodig. Registreer vandag!

KOM OP DIE LUG VIR WÊRELD AMATEUR RADIO DAG

Maandag 18 April is Wêreld Amateur Radio Dag. Dit is ook 'n openbare vakansiedag wat die Paas naweek eindig. Dit was op 18 April 1925 dat die Internasionale Amateur Radio-unie (IARU) tydens die Internasionale Radio Telegraaf konferensie in Parys gestig is. Daarom vier radio amateurs wêreld wyd hierdie dag elke jaar met spesiale aktiwiteite.

Hoe het jy gevorder met kontakte vir jou SARL WARD sertifikaat? Jy het nog tot 18:00 UTC op Maandag 18 April om die QSOs te kry. Vanmiddag kan jy deelneem aan die ZS4 QSO Partytjie om by jou totaal te voeg. Werk soveel radio amateurs as moontlik gedurende die naweek, PLUS ten minste twee (2) SARL Raadslede (daar is 10) en ten minste drie (3) Radio Klub-stasies, jou eie Klub-stasie uit gesluit! Stuur jou aansoek vir die 2022 WARD-sertifikaat na secretary@sarl.org.za teen 21:59 UTC op Donderdag 21 April 2022. Jan, ZT4T sal aktief wees op 18 April op 7 100 en 3 700 MHz.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

KLUB NUUS

Die Boland ARK verander hul bulletin-tyd vanaf Sondag 24 April. Vanaf volgende Sondag word BARK-bulletin Sondagoggende om 07:45 SAT op 3 730 kHz uitgesaai en dan om 09:15 SAT sal die uitsending op die 145 650 MHz-herhaler op Du Toitskloof as die anker-herhaler wees. Daar sal 'n herleiding op 7 092 kHz wees. Die bulletin sal ook om 09:15 op Echolink beskikbaar wees deur na ZU9ACG-R te skakel.

SATELLIET NUUS

Met meer en meer satelliete wat gereeld gelanseer word en 'n hele paar Amateur Radio satelliete in die mengsel, was dit nog nooit 'n beter tyd om met satelliete te speel nie. Of dit nou kontakte maak, foto's van die ISS dekodeer, of telemetrie na te spoor en dekodeer, daar is iets vir almal. In die gees van die deel van inligting en die skep van 'n Suid-Afrikaanse gemeenskap rondom Amateur Radio het ons 'n webwerf begin om allerhande interessante nuus en inligting oor aktiwiteite in te samel en ook 'n nuwe dokumentasie projek om 'n sentrale punt van inligting en tutoriale te skep om mee te speel satelliete. Dit is almal relatief nuut en aan die gang, maar daar is reeds genoeg inligting om te begin. Dit is 'n poging om meer belangstelling in satelliete te kry om ons plaaslike gemeenskap te bou. Jy kan die hoof HamsatSA webwerf by www.hamsatsa.co.za vind en die dokumentasie projek by www.satellitemanual.com.

Stuur vir ons fotos van jou satelliet stasie en vertel ons van jou avonture. Baie meer aktiwiteite word beplan en alle terugvoer word verwelkom.

UITSLAe van die SARL 80 m klub KOMPETISIE

Die uitslae van die SARL 80 m QSO Partytjie, aangebied deur die Durban Amateurradioklub, sal eers vir volgende se SARL Nuus beskikbaar wees. Dit is as gevolg van krag-onderbrekings in die gebied en sal hopelik binne die volgende week herstel word.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar vier sonvlekke met eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Die waarskynlikheid vir die voorkoms van sonfakkels is laag. Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 41 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laat middag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

16 tot 22 April – Pasga

17 April – Paas Sondag en die ZS4 QSO partytjie

18 April – Familie Dag en Wêreld Amateur Radio Dag

22 April – die RAE Registrasie sluit en die sluitings datum vir ZS4 Logstate

22 en 23 April - die Lyrids Meteorstort

23 April – die SARL AJV en die MRK Antenna dag

25 April – Marconi dag

27 April – Vryheidsdag, Samuel Morse dag en die Sandton Tegniese Uur

30 April – die SARL 40 m Klub kompetisie en die einde van SAMOC April woord soek

1 Mei – Werkers Dag

2 Mei – Openbare vakansiedag; Eid – al Fitr en die ZS SOTA Aktiwiteits dag

5 Mei – die sluitingsdatum vir Woord Soek en Klub kompetisie logstate

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Het jy al geregistreer vir die SARL AJV? Die 2022 SARL Algemene Jaar vergadering begin om 10:00 SAT op Saterdag 23 April 2022 op die Bluejeansplatform en jy kan dit vanuit jou huis bywoon. Jy moet registreer om 'n skakel te kry om by die AJV aan te sluit. Besoek die voorblad van die SARL-webwerf om te registreer

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en

verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saam gestel deur Andy Cairns ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold ZS6VD en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week wat voorlê.